1. **<u>Beginsels</u>** <u>vir dankoffergawes</u>:

## 1.1 <u>**Ons, met alles wat ons besit, behoort aan die Here**</u>:

→ God is die Alleen Eienaar van alles. (vgl. Ps. 24:1,2)

→ Ondanks die sondeval, handhaaf die Here Sy absolute Eienaarskap in die herskepping deur die offer van sy Eie Seun aan die kruis. Deur hierdie offerdaad van Jesus Christus is die Kerk vrygekoop uit alle slawebande; "julle is duur gekoop" (1 Kor. 6:20) en het ons weer ten volle die eiendom van die Here geword: "maar julle behoort aan Christus" (1 Kor. 3:23). Of ons dan lewe of ons dan sterwe, ons behoort aan die Here . . . . . (Rom. 14:8) So skenk Hy saam met Christus alles genadiglik aan ons. (Rom. 8:32)

→ Hierdie geskenke (geestelik en stoflik) maak van die verloste sondaar nie 'n selfstandige besitter naas God nie. Inteendeel: dit maak van hom/haar 'n nederige, ootmoedige en dankbare kind, wat weet dat hy/sy niks verdien het nie en dat hy/sy met al hulle besittings aan die Here behoort. **Ons is maar net rentmeesters (Matt. 24:45; 25:14) wat God se sake op aarde bestuur en van alles weer aan Hom rekenskap moet gee.**

## 1.2 <u>**Kerklike dankoffergawes is deel van ons dankbaarheid en wederliefde**</u>:

→ Nou dat God ons verlos en weer tot Sy eiendom gemaak het vanweë Sy groot liefde, eis Hy van ons wederliefde en dankbaarheid. (Deut. 6:5; Matt. 22:36-40) Die wederliefde en dankbaarheid is niks anders nie as die weerklank wat die offerdaad van Jesus Christus in die hart van die gelowige vind, wat hom/haar "**dring**" en nie dwing om alles wat die Here aan hom haar gegee het, weer in dankbaarheid vir die Here op die altaar te lê. **My offers is die "antwoord" van wederliefde op Sy offers aan my!**

→ Wederliefde in die Ou Testament:
(Vergelyk Lev. 27:30-33; Num. 18:19; Deut. 12:6; Mal. 3:10). **Die grondgedagte by al hierdie gawes en offers was altyd die dankbare toewyding aan God, die eintlike Eienaar!**

→ Wederliefde in die Nuwe Testament:
Vir die Nuwe Testamentiese gelowige wat bely "dat ek met liggaam en siel aan die Here behoort", geld dit in **verskerpte** mate dat ons Hom met alles wat ons is en het uit dankbaarheid moet dien.
(Vgl. 1 Kor. 6:20; Mk. 10:21; Mk. 14:3-9; 2 Kor. 9:5)
**M.a.w. die offers van die gelowige vir die kerk is nie 'n pligpleging nie, maar dit geskied in die diepste sin van die woord uit dankbaarheid vir die groot offer van Jesus Christus.**

1.3 <u>Lidmate moet die kerk sélf onderhou</u>:

→ Die Here het dit so in sy Woord bepaal dat Hy met hierdie stoflike offers wat die lidmate bring as ANTWOORD op die offer van Christus, sy kerk instand hou.

→ Vgl. t.o.v. die Ou Testament
Num. 18; Deut. 18:1-4; Mal. 3

→ Vgl. t.o.v. die Nuwe Testament
1 Kor. 9:13,14; Gal. 6:16; Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus.

## 2. <u>**Vereistes** wat God stel vir die instandhouding van sy kerk</u>:

### 2.1 **<u>Die Tiendes</u>:**

In die Ou Testament het die Here die offergawe vir die tabernakel en later die tempeldiens, vasgestel op 'n tiende van die inkomste van die volksburgers: vgl. Lev. 27:30-33; Mal. 3:10; Gen. 14:20. Jakob beloof ook 'n tiende aan die Here, vgl. Gen. 28:22.

Die Here bepaal ook WAT met die tiende gedoen moet word. Dit moet uitsluitlik gebruik word vir Sý diens. Vgl. Lev. 27:30; Num. 18:21; Deut. 14:22-29.

Daarom mag niemand **EIEWILLIG** met hierdie offer omgaan óf met die tiende **knoei** nie. In Mal. 3:10 sê die Here: "bring die hele tiende na my skathuis". Daar was dus toe al onreëlmatighede. So lees ons dan in Mal. 1 van "lam" en "siek diere" wat vir die huis van die Here gebring is. **Afskeepgawes dus!!** In Mal. 3:8 beskuldig die Here die volk dat hulle Hom "beroof".

Aan die anderkant bind Hy aan die getrouheid t.o.v. die tiendes 'n ryke seën:

> **"Beproef My tog hierin, sê die Hee van die Leerskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie."** (Mal. 3:10)

### 2.2 **<u>Die eerstelinge</u>:**

Mens se kerklike offergawe moet "die eerstelinge van al jou inkomste wees" (vgl. Spreuke 3:9,10) Lees ook: Gen. 4:4; Deut. 18:4; 26:2-10; 2 Kron. 31:5. **In die offer van die eerstelinge skuil die erkenning dat die Here die Eienaar van alles is.** Die eis wat gestel word is dat vóór ons aan ons inkomste raak – om daar self van te geniet – die Here die eerstelinge daarvan moet ontvang. **In die gee van hierdie eerstelinge verklaar ek dan dat ek my beste – dit is my hart aan die Here gee!**

2.3 **<u>Kerklike offergawes moet die Here vereer</u>:**

Spreuke 3:9 "**Vereer die Here** uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste . . . ." Om die Here te vereer is die diepste motief van ons kerklike offergawe! (vgl. ook 2 Kort. 9:12,13)

2.4 **<u>Kerklike offergawes moet in die regte gesindheid gegee word</u>:**

→ **Bereidwilligheid**: Ex. 35:5; 2 Kor. 9:7; 2 Kor. 8:12

→ **Vrywilligheid**: 2 Kor. 9:6,7 "ooreenkomstig die seën van die Here wat Hy jou gegee het (Deut. 16:17)

→ **Blymoedigheid**: 2 Kor. 9:7 'n Offer wat met blydskap gebring word, vind weerklank in die hemel.

2.5 **<u>Waar en wanneer moet die offergawes afgedra word</u>?**

→ Deurgaans lees ons dit in die Bybel dat die gelowiges hulle offers aan die Here moet "bring". Dit is die verantwoordelikheid van God se dankbare kind. Dit kan d.m.v. offergawe koeverte, debietorders, elektroniese inbetalings.

→ Die "waneer" is nie so duidelik in die Bybel beskryf nie. Die logiese in die moderne lewe sal sekerlik maandeliks wees.

2.6 <u>Slotopmerking</u>:

Nou die belangrikste vraag vir elkeen van ons:

HOEVEEL moet my offergawe wees?

Hier is die antwoord:

→ **Soveel** . . . . . totdat dit ooreenkom met die seën van die Here aan my!

→ **Soveel** . . . . . totdat die Here in my offergawe álles ontvang het wat Hom toekom.

→ **Soveel** . . . . . totdat ek daarin self in dankbaarheid voor die Here op die altaar lê.

→ **Ja, soveel** . . . . . totdat dit beantwoord aan al die beginsels en vereistes deur God in sy Woord aan my gestel.